


Van links af, regs om: aarbeikonfyt, lemoen-en-vrugteblatjang, druiwe in brandewyn, vrugte-en-neutebolaag, versuikerde neute en sjokoladepruimedante

# BOTTELDOILIES

**BENODIGDHEDE: Vir 3 doilies:** *Ongeveer 0,25 m fyn katoen of linne, 0,90 cm breed; 0,75 m elk smal rooi, groen en pienk galon; bypassende garing; 'n paar gram elk pers, ligpers, groen, liggroen, bruin en rooi nr. 5-borduurgaring; borduurnaald.*

**AANWYSINGS:** Trek 'n sirkel met deursnee van 19 cm op papier, knip dit uit en gebruik dit as patroon om 3 ronde lappies uit materiaal te knip.

Raadpleeg die diagramme en trek die vrugtemotiewe met behulp van naaldwerkdeurslagpapier noukeurig na. Borduur die motiewe met satynsteek.


Stik bypassende galon met sigsagsteek al met rafelrand aan elke doilie vas en knip oortollige materiaal met 'n skerp skêr af.

Werk eindpunte van galon netjies met 'n paar fyn stekies aan mekaar vas. ●

## DIAGRAMME VIR BOTTELDOILIES

## KLEURSLEUTEL

1 = pers
2 = ligpers
3 = liggroen
4 = bruin
5 = rooi
6 = groen



DRUIWE — AARBEIE — KERSIES